STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

NOTICE OF PUBLIC PARTICIPATION

DRAFT KOELENHOF LOCAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (KOELENHOF LSDF) AND LOCAL AREA OVERLAY ZONE (KOELENHOF LAOZ)

Notice is hereby given in terms of Section 10 of the Stellenbosch Municipality: By-law on Municipal Land Use Planning, 2023 that the Draft Koelenhof Local Spatial Development Framework (Koelenhof LSDF) and in terms of Section 12 of the Local Government: Municipality Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) that the Koelenhof Local Area Overlay Zone are available for public comment.

The municipality intends to adopt a Local Spatial Development Framework ("LSDF") and Local Area Overlay Zone ("LAOZ") for the Koelenhof node. Koelenhof is identified as an emerging node in the Stellenbosch Municipal Spatial Development Framework ("MSDF") with key preconditions necessary highlighted to transform this node and to categorize it as a priority development area ("PDA"), which will achieve and align to all the spatial imperatives of the MSDF, 2023. The purpose of the Koelenhof LSDF is to provide detailed spatial planning guidelines and proposals for the new PDA; detailed policy and development parameters for land use planning; and detailed infrastructure demand requirements over the 10 – 20 year planning horizon. The Koelenhof LSDF is further supported by the Koelenhof LOAZ, with the purpose of pro-actively "up-zoning" and providing more permissive development parameters to achieve the spatial vision contained in the LSDF (and by extension the MSDF) with more streamlined and reduced land use planning legislative timeframes and requirements.

The Koelenhof LSDF and LAOZ aims to support and allow the alignment of municipal infrastructure (including provincial infrastructure) and social services planning to support the development of Koelenhof into an inclusive, appropriately serviced community, negotiated through formalised public and non-motorised transport ("NMT") networks, with a positive relationship with the surrounding natural and agricultural land.

The draft Koelenhof LSDF and LOAZ is available on the municipal website at:
https://stellenbosch.gov.za/department-of-development-planning/?cp_515=2

Comments must be submitted in writing to the following e-mail address:
Spatial.Planning@stellenbosch.gov.za **by no later than 11 May 2026**. No late comments will be considered.

Persons who are unable to read or write can submit their comments verbally at the Spatial Planning department at Stellenbosch Municipality, situated at 20 Plein Street, NPK Building, Stellenbosch, where they will be assisted by a staff member to put their comments in writing.

Contact person: BJG de la Bat / C Hauptfleisch
Tel: (021) 808-8652 or (021) 808-8607

NOTICE OF FOCUS GROUP MEETING

A meeting with property owners as designated within the Koelenhof LSDF and LOAZ is scheduled for **16 March 2026 from 14:00 to 16:00**. Interested and affected property owners within the designated Koelenhof precinct should send an e-mail to Spatial.Planning@stellenbosch.gov.za to register their interest.

Contact person: Viola Anthony
Tel: (021) 808-8643

NOTICE OF IDP PUBLIC PARTICIPATION OPEN DAY – WARD 19

As part of the IDP Process Plan an in-person meeting with Ward 19 is scheduled for 14 April 2026 from 18:00 to 20:00. Interested and affected property owners within Ward 19 are invited to attend the IDP Public Participation Open Day at the De Novo Community Hall.

Contact person: Viola Anthony
Tel: (021) 808-8643

Municipal Manager
Stellenbosch Municipality
26/2026

KENNISGEWING VAN OPENBARE DEELNAME

KONSEP KOELENHOF PLAASLIKE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (KOELENHOF PROR) EN PLAASLIKE GEBIED-OORLEGSONE (KOELENHOF PGO)

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 10 van die Stellenbosch Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2023 dat die Konsep Koelenhof Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (Koelenhof PROR) en ingevolge Artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelselswet, 2000 (Wet 32 van 2000) dat die Koelenhof Plaaslike Gebied-Oorlegsone beskikbaar gestel word vir openbare kommentaar.

Die munisipaliteit beoog om 'n Plaaslike Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk ("PROR") en Plaaslike Gebied-Oorlegsone ("PGO") vir die Koelenhof-nodus aan te neem. Koelenhof word in die Stellenbosch Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk ("MROR") as 'n opkomende nodus geïdentifiseer, met belangrike voorvereistes wat uitgelig word om hierdie nodus te transformeer en dit as 'n Prioriteitsontwikkelingsgebied ("POG") te kategoriseer, wat die bereiking van en belyning met die ruimtelike imperatiewe van die MROR, 2023, sal ondersteun.

Die doel van die Koelenhof PROR is om gedetailleerde ruimtelike beplanningsriglyne en voorstelle vir die nuwe POG te voorsien; gedetailleerde beleidsrigtings en ontwikkelings parameters vir grondgebruikbeplanning vas te stel; asook om infrastruktuurvraag en -vereistes oor 'n 10–20 jaar beplanningshorison te identifiseer. Die Koelenhof PROR word verder ondersteun deur die Koelenhof PGO, met die doel om proaktief "op-sonering" te fasiliteer en meer toegeeflike ontwikkelingsparameter daar te stel ten einde die ruimtelike visie vervat in die PROR (en by uitbreiding die MROR) te verwesenlik, met meer gestroomlynde en verkorte wetgewende tydraamwerke en vereistes vir grondgebruikbeplanning.

Die Koelenhof PROR en PGO beoog verder om die belyning van munisipale infrastruktuur (insluitend provinsiale infrastruktuur) en maatskaplike diensbeplanning te ondersteun, ten einde die ontwikkeling van Koelenhof tot 'n inklusiewe en voldoende bediende gemeenskap te fasiliteer. Hierdie ontwikkeling sal ondersteun word deur formele openbare vervoernetwerke en nie-gemotoriseerde vervoer ("NGV") netwerke, met 'n positiewe ruimtelike verhouding met omliggende natuurlike en landbougebiede.

Die konsep Koelenhof PROR en PGO is beskikbaar op die munisipale webwerf by:
https://stellenbosch.gov.za/department-of-development-planning/?cp_515=2

Skriftelike kommentaar moet gerig word aan die volgende e-posadres:
Spatial.Planning@stellenbosch.gov.za, **nie later nie as 11 Mei 2026**. Laat kommentaar sal nie oorweeg word word nie.

Persone wat nie kan lees of skryf nie, kan hul kommentaar mondelings indien by die Departement Ruimtelike Beplanning, Stellenbosch Munisipaliteit, geleë te Pleinstraat 20, NPK-gebou, Stellenbosch, waar 'n amptenaar hulle sal bystaan om hul kommentaar skriftelik te formuleer.

Kontakpersoon: BJG de la Bat / C Hauptfleisch
Tel: (021) 808-8652 of (021) 808-8607

KENNISGEWING VAN FOKUSGROEPVERGADERING

'n Vergadering met grondeienaars soos aangewys binne die Koelenhof PROR en PGO sal plaasvind op **16 Maart 2026 van 14:00 tot 16:00**. Belangstellende en geaffekteerde grondeienaars binne die aangewese Koelenhof-gebied word versoek om hul belangstelling te registreer deur 'n e-pos te stuur na Spatial.Planning@stellenbosch.gov.za.

Kontakpersoon: Viola Anthony
Tel: (021) 808-8643

KENNISGEWING VAN GOP OPENBARE DEELNAME OOP DAG – WYK 19

As deel van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) Prosesplan sal 'n fisiese vergadering met Wyk 19 plaasvind op 14 April 2026 van 18:00 tot 20:00. Belangstellende en geaffekteerde grondeienaars binne Wyk 19 word uitgenooi om die GOP Openbare Deelname Ope Dag by die De Novo Gemeenskapsaal by te woon.

Kontakpersoon: Viola Anthony
Tel: (021) 808-8643

Munisipale Bestuurder
Stellenbos Munisipaliteit
26/2026